

Vrydag 1 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20

Fokusgedeelte: Matteus 28:18-20

Jesus proklameer sy alomvattende heerskappy

Jesus se woorde in hierdie Skrifgedeelte is meer as net ons sendingopdrag. Dit kan gesien word uit die vier keer herhaalde ALLES in hierdie paar sinne:

ALLE mag in die hemel en op die aarde ...

AL die nasies ...

ALLES onderhou wat Ek julle beveel het ...

AL die dae tot aan die voleinding ...

Een Duitse Skrifverklaarder het dit so saamgevat: "Dit is die almagswoorde van die opstane Here."

Ons aanbid Jesus nou as Koning van die konings, as HERE van die here. Hy regeer met algehele soewereiniteit oor die hele wêreld en oor al die nasies.

Die hele gedeelte is 'n vervulling van die voorspelling in die lied wat gesing is met die kroningsplegtigheid van die Seun van die mens in Daniël 7:14: "Aan Hom is heerskappy, eer en koningskap gegee – alle volke, nasies en taalgroepe dien hom. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie verby sal gaan nie, en sy koningskap is so dat dit nie vernietig sal word nie."

Matteus 28:18-20 is die troonrede van die Koning met die bestyging van sy troon. Dit herinner aan die woorde van Psalm 24:1-2: "Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en dié wat daarin woon; want Hý het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome."

Die opgestane Here bevestig daarmee ons opdrag om rentmeesters te wees van God se skepping volgens Genesis 1:28-30: "... heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en al die diere wat op die aarde rondbeweeg." Ekologie is daarin gewortel.

Evangelisasie hou in om met ons woorde en ons dae voor al die nasies van die wêreld te bely: Jesus Christus is Here en Koning oor alles en almal.

Sing: Skrifberyming 2-2:1, 2

Dr. PJ Buys (Flip) (emeritus)